

**Romeine 11:33-36**  
**Trinitates 22 Mei, 2016**

*(God het almal aan die ongehoorsaamheid oorgegee, sodat Hy Hom oor almal kan ontferm.)*

O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!

Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!

“Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom ’n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?” (Vgl. Jes.40:13; Job 15:8; Job 41:2; Jer.23:18)

Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Liewe medesusters en - broers in ons Here,

hierdie woorde staan aan die einde van ’n moeilike en ingewikkelde worstelfase van Paulus. Hy dink lank daarvoor na: waarom Here? Waarom sal iemand, vir wie U so lief is, verlore gaan? Hoe is dit moontlik dat iemand alle hemelse liefde ontvang en dan jou in jou gesig terugspoeg? Waarom het Israel wat God se innige liefde en ontferming ontvang het, dit net so weer weggooi? My volk Israel, my vlees en bloed verwerp die Seun van God - hoe is dit moontlik?

En Paulus redeneer lank en breed en diep en hoog. En inderdaad vind hy sommige antwoorde wat sin maak. Paulus worstel met God. Hy vra en redeneer; hy pleit en antwoord; hy soek en hy vind maar op die ou einde breek hy uit in lofprysing en gee God die eer.

Hierdie verse wat ons gelees het staan aan die einde van alle denke. Trouens dit staan ook aan die begin van alle redenering soos die loflied wat ons as vers vir die week saamneem Jes.6,3 *“Heilig, heilig heilig is die Here Zebaoth, Heer van die leerskare, alle land is vervul met u lof.”*

Dit is ons hartewens dat hierdie lofprysing en eerbetoon ook aan die einde van jou en my lewe sal staan; ja dat aan die einde van die wêreld ons sal kan inval in die nimmereindigende, alles-omvattende, oorweldigende, majestieuse pryslied en eerbetoon. In kerktaal verwys ons na hierdie lofbetuiging as “Doksologie” (doxology):

In ons geestesoog sien ons Paulus neerval in ootmoet en met opgeligte hand met ontsag gevul: O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! ...

Dit is asof Paulus besef, hier steek so 1% van die ysberg bo die wateropervlakte uit. Ja, hy erken iets van God naamlik dat die ysberg nie net 99% onder sy begripsvermoë lê nie maar *oneindig* diep is. En ook ons mag so bietjie aan die opervlakte krap aanhand van hierdie drie vrae wat Paulus stel, en ek sal eindig met die drie insigte: uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge!

(1)

Die eerste vraag: Wie ken die bedoeling van die Here? Soos reeds gesê, dit vorm die einde van ’n lang redeneringsproses waar Paulus oor sonde en genade nadink (hoofstukke 1-8) en oor die lot van Israel bepeins (hfst 9-11). En as ons saam met Paulus hierdie lyne volg hoe God alles en almal onder die sonde reken sodat God Hom oor alles en almal sal ontferm, dan word ook ons met heilige ontsag gevul: wow, dis alles genade en genade en genade. Dis ons wat ontvang en ontvang en ontvang sodat op die einde alle eer en aanbidding terugvloei na die Gewer van alle genade.

En al is God ondeurgrondelik in sy hele wese, en al weet ons dat God met ons menslike klein verstandelike vermoëns nooit ten volle sal begryp nie, eindig die redenasie nie hier nie. Daar volg nog 5 hoofstukke in die brief aan die Romeine. En dan gaan dit oor die praktiese lewe: Wat sal ons dus doen op Sondag namiddag, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag?

Die bedoeling van die brug van doksologie tussen Romeine hfst 1-8 en 12-16 is dat ons met genade en lofprysing weer in die alledaagse lewe sal teruggaan. Die bietjie insig wat ek en jy wel in God se wese het, vervul ons hele wese - en dit het ’n duidelike praktiese uitwerking! Omdat ek en jy die heerlikheid van die Here gesien het, is jou hele lewe ’n lewe van lofprysing. Christelike moraliteit spruit uit insig van wie is God!

Soos Jesus dit gesê en Paulus self ’n voorbeeld gestel het, toe hy aan die begin van sy brief geskryf het: as God dan hemel en aarde vul, dan moet dit oorals bekend gemaak word. Jesus sê: Aan MY is gegee alle mag in die hemel en op aarde ... daarom gaan heen die hele wêreld in en maak mense my dissipels.

En dis presies wat Paulus gedoen het: hy kon nie langer stilsit nie maar staan op en hy weet: as ek nie hierdie God gaan verkondig nie, wie dan? Dis presies waartoe ek en jy bestem is om in woorde en in dade uit te leef: as ons nie in ons lewens van genade-en-genade getuig nie, wie dan?

Nee, nie óns red mense van hul' sondes nie, nie óns verander mense se harte nie, en tog gebruik die Here ons lofprysing, ons getuienis, ons lewens om die lig van sy genade helder te laat skyn.

Waarom verwerp sommige mense nogtans die genade? Waarom sal mense tot die helse vuur veroordeel word? Ek weet nie. Waarom leef ons Christene nie almal 'n geheiligde en volmaakte lewe nie? Waarom is die sonde nog steeds in ons? Ek weet nie. Waarom is daar so baie kerke en denominasies, vorm ons nie sigbaar *die een, heilige, algemene kerk* hier op aarde nie? Ek weet nie. Waarom woed die bose nog voort, is daar oorloë en leed? Waarom sterf kinders en vloei die trane oor verlies en dood? Ek weet nie.

Ek bedoel, ek het baie voorlopige antwoorde, en sommige redenasies maak vir my sin maar aan die einde moet ek die handdoek ingooi en bely: Wie ken die bedoeling van die Here? Ek is nie in beheer nie, maar ek mag deel wees van die skare van verlosdes, ek is instaat om genade bo genade te ontvang - en dit dryf my om aan God hulde en aanbidding bring.

(2)

Paulus vra: Wie gee Hom raad? En die antwoord is vanselfsprekende: niemand nie! En as daar een punt is waartoe alle mense dink, hulle instaat is, dan is dit om God raad te gee. O ja, baie mense wil die Here dien, maar juis in 'n raadgewende posisie. Dis die trots van mense wat die mening toegedaan is, om God te begin beskuldig: "Here, U moes dit sus-en-so gedoen het! Here, waarom het U dit gedoen?! Here, doen dit anders!" En ons kom nie agter dat ons direk in die hande van die duiwel speel; ons raak rebellies.

Die feit dat ons mense God nie kan deurskou nie, verlei sommiges om God heeltemal te verwerp. Hulle sê: as ek dit nie verstaan nie, as ek nie nou antwoorde kry nie, dan vergeet ek van God sommer heeltemal; God bestaan nie! - so maklik soos dit. Vergeet van God - en jy's blykbaar vinnig ontslae van alle worsteling. As jy nie kan verklaar waarom God nog steeds die duiwel en sonde toelaat om te bestaan - so redeneer mense - dan is die hele konsep van *God* en *duiwel* sommer nonsens, verbeelding en kan somier verwerp word.

Maar dit is so dom soos wanneer ek sou vir die dokter sou sê: as jy my nie nou gesond maak, kom ek nooit weer nie; as ek nie verstaan wat jou medisyne behels nie, sal ek nie ontvang nie. Nee, ons familie sou so iemand aanmoedig: "al voel jy nie goed nie, gaan probeer 'n dokter." God in sy oneindige wysheid weet waarom Hy die wêreld só bestuur. Ons mag Hom ook vertrou - is dit ok? Dit beteken nie dat ons nie met die Here mag worstel of dat ons vra het nie, maar nie as beskuldiging of aanklag teen God nie. Hy hoor en verhoor ook jou smeekbede.

(3)

Paulus vra derdens: Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen? Antwoord: niemand nie! Daar bestaan niks in die hemel en op aarde wat nie reeds aan die Here behoort nie. Aan jou en my behoort niks nie! Niemand skuld vir God enige iets nie. Niemand is in die posisie dat hy/sy sou kon sê: "Here, dit behoort aan my en dit behoort aan Jou; kom ons onderhandel." Niemand ruil, koop of verkoop enige iets met die Here nie. Óf jy ontvang genade, óf jy word veroordeel. Jy is 'n skepsel van God en totaal afhanklik.

Ons besef, ons is ontvangers. En enige poging om met God te "bargain", is 'n ontkenning van sy genade. God wil gee en gee en gee. (Met die tong in die kies: dis waarom iemand gesê het, as ons as Lutherse kerk so baie van die *genade* praat moes ons naam verander het na die NG kerk, NG en gee en gee)

As mense nie die genade wil gee nie, dan ontnem ons Hom die eer wat Hom toekom; ons maak ons eie eer wanneer ons daarop aanspraak maak dat ons iets het om vir God voor te wys: "Here, hier is my geld - vat dit!" Nee, alles wat op die aarde en die kosmos is, behoort reeds aan Hom. "Here, hier is my tyd, of my huis, of my beroep - vat dit!" Of waarvoor sommiges ook baie lief is om na die onderhandelingsstafel toe te bring: "Here, hier is my hart - vat dit! En in ruil daarvoor is jy, Here, nou verplig om my die hemel te gee!" Nee!

Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" Antwoord: niemand nie!

Die Here gee sy genade, en gee genade en gee genade, absolut verniet! As jy God se guns probeer koop met jou moraliteit, met jou goeie of slegte gewete, met jou goeie dade, sal jy Hom in die gesig beledig. Paulus sou by jou pleit: doen afstand van jou trots, van jou hoogmoed, van jou prestasies; en open jou verstand om te ontvang. Hoe meer jy jou vuils bal, des te minder kan jy jou hand open om te ontvang. God is oneindig wys en weet alle dinge; ek en jy mag voor Hom neerbuig en sy wil laat geskied. Moenie God

raad gee nie, maar soek in sy Woord wat Hy aan hemelse seën vir jou gereed hou. Laat vaar jou rebellie en wees tevrede met gedeeltelike kennis.

1 Kor 13:12 Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

(4)

En nou die laaste punt: Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Voordat ek 'n hele boek open oor hierdie woorde, mag ek jou vra: is jy bly oor wat God gedoen het? Kan jy vreugde vind dat God jou gemaak het tesame met die hele skepping? Kan jy insien dat ook jy met alle gebreke en sonde nogtans teiken is van God se genade? Kan jou hart vinniger klop dat God gesê het: Ek sal alle dinge nuut maak, ook wat jy mens, Klaus Damaske, Tannie Sarie en oom Freddie, alles verkeerd en stukkend gemaak het? En wanneer Jesus uitroep: “Kom na My toe almal wat moeg en oorlaai is, Ek sal vir rus gee soos niemand anders vir julle vrede sal kan gee nie!” - kan ons daarvoor opgewonde raak? Sal ons verblyding vind as die Bybel vir ons wys: Vir jou en my het Christus aan die kruis gesterf en weer opgestaan, sodat almal wat op Hom vertrou, nie verlore sal gaan nie maar die ewige, ware lewe sal ontvang? Kan ook jy uitbundig uitroep: “Yes! Vir my staan die hemel oop. En as ek eendag die oë hier op aarde sal sluit, sal ek dit oopmaak waar oneindig, hemelse, vervulde vreugde sal wees!” Kan jy inval in die kosmologiese loflied van alle engele en die hele skepping: Heilig, heilig, heilig is die Here Sebaot, alle lande is vervul met u eer!

Dan is dit ook nie so moeilik om stadig maar seker te besef: Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Ek weet self dat hierdie belydenis baie vrae laat ontstaan waarop ek nou nie sal ingaan nie, maar jy en ek mag om hemelse naams ontwil nie daarvan afwyk nie. Jy sal sien dat die Here inderdaad goed en betroubaar is, dat Hy regverdig maar ook barmhartig en genadig is, dat Hy alles vir jou gegee het sodat ek en jy vir ewig by Hom sal wees.

Dié God waarvan Paulus praat, is dié God van wie alle dinge kom. Hy is die *oorsaak* van alles; Hy is *in* alles; en Hy sal die *eindpunt* wees van alle dinge - ook van jou en my lewe. Geloof beteken in hierdie opsig dat ek dit waarneem (acknowledge) - en soos ek dit waarneem, is ek besig om my lewe dag-vir-dag te verander, is ek besig om huiswaards te keer.

Die Christendom verkondig: Ons het dit altyd met die Drie-enige God te doen, wetend of onwetend. Maar vir ons geld, dat God almal onder die genade wil plaas.

As ons praat van God die Skepper, dan gee ons erkenning dat alles sy oorspang by Hom het. Hy is die beginpunt - en Hy sal die eindpunt wees

Ons gee verder erkennig dat Christus, die Verlosser, my God is. God het vlees geword. Hy is met sy heil en verlossing in die wêreld. Waar daar genesing plaasvind, daar is Hy teenwoordig (of mense nou erkenning daaraan gee of nie).

En ons gee erkenning dat daar 'n innerlike krag in ons werksaam is wat ons nie kan verklaar nie, maar ons getuig daarvan dat dit die krag van die Heilige Gees is.

Die groot kerkvader Augstinus skryf na sy lank soektog na God: “Ons is na u heen geskape; en ons harte bly onrustig totdat dit rus vind in U!”

Trinitatesfees wil vir ons God se genade grootmaak, en die werkswyse van God verduidelik as die Skepper, Verlosser en Voleinder. God is daarom God vir my. Hom wil ons eer en aanbid, vandag, môre en vir altyd. *O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!*

*Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!*

*“Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?”*

*Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.*

En mag die vrede van God wat meer is as wat ons dink of verstaan, julle harte en sinne, ja julle hele wese bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.